REKONSILIASIES

Vraag 1 (Bankversoening; 25 punte, 15 minute)

GEVRA:

1.1 Waarom is dit nodig om elke maand ‘n Bankversoeningstaat op te stel? (4)

1.2 ‘n Tjek gedateer vir 15 Desember 2018 word op 10 November 2018 ontvang. Op watter datum sal die tjek in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken word? (1)

1.3 ‘n Tjek gedateer vir 12 Desember 2018 word op 20 November 2018 uitgereik. Op watter datum sal die tjek in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken word? (1)

1.4 Bereken die banksaldo van Kempston Winkels op 30 September 2018. Dui aan of die saldo wat jy bereken het gunstig of ongunstig is. (12)

1.5 Stel die Bankversoeningstaat op 30 September 2018 op. (7)

INLIGTING:

1.

Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2018	
Gunstige saldo volgens Bankstaat	700
Uitstaande deposito	825
Uitstaande tjeks Nr. 150	125
Nr. 158	900
Nr. 163	825
Saldo volgens Bankrekening	?

2. Voorlopige kolomtotale van die Kontantjoernale op 30 September 2018:

Kontantontvangstejoernaal	14 340
Kontantbetalingsjoernaal	11 380

3. ‘n Vergelyking van die Bankstaat vir September 2018 met die Kontantjoernale vir September 2018 en die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2018 toon die volgende verskille:
   - Tjeknr. 158 is vir betaling aangebied op 21 September 2018.
   - Tjeknr. 163 is uitgereik aan “Die Burger” vir ‘n advertensie. Die advertensie is nie geplaas nie en die tjek moet gekanselleer word.
   - ‘n Deposito van R825 verskyn op 2 September 2018 op die Bankstaat maar nie in die Kontantjoernale vir September 2018 nie.
4. Geen inskrywing is gemaak van tjeknr. 171 vir R630, gedateer 23 Oktober 2018 en uitgereik aan Pemba Handelaars vir voorraad aangekoop nie.
5. In die Kontantontvangstejoernaal is ‘n inskrywing gemaak op 28 September 2018 ten opsigte van ‘n deposito van R1 730 wat nie op die Bankstaat verskyn nie.
6. Tjeknr. 175 vir R350, uitgereik aan Porchie Handelaars het in die pos verlore geraak. Die tjek is gestop en vervang met tjeknr. 179. Die korrekte inskrywings is reeds in die kontantjoernale gemaak maar die tjek is nog nie by die bank aangebied vir betaling nie.
7. ‘n Tjek ontvang van ‘n debiteur, R. Kerns, ter vereffening van skuld van R275, nadat korting van R25 aan hom toegestaan is, is deur die bank gedishonoreer weens onvoldoende fondse.

8. Tjeknr. 183 vir R450 verskyn op die Bankstaat. Die tjek is egter foutiewelik as R540 in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.
9. ‘n Huurder, G. Kemp, het haar huur vir September 2018 direk in die lopende bankrekening inbetaal, R1 200.
10. Bankkoste ten bedrae van R150 en rente van R250 is deur die bank gehef.
11. ‘n Deposito van R1 400 verskyn op die Bankstaat. Die bank het dit foutiewelik op die onderneming se rekening aangeteken.
12. Op 30 September 2018 toon die Bankstaat ‘n kredietsaldo van R4 245.

1.1 Waarom is dit nodig om elke maand ‘n Bankversoeningstaat op te stel?

1.2 ‘n Tjek gedateer vir 15 Desember 2018 word op 10 November 2018 ontvang. Op watter datum sal die tjek in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken word?

1.3 ‘n Tjek gedateer vir 12 Desember 2018 word op 20 November 2018 uitgereik. Op watter datum sal die tjek in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken word?

1.4 Bereken die banksaldo van Kempston Winkels op 30 September 2018. Dui aan of die saldo wat jy bereken het gunstig of ongunstig is.

1.5 Bankversoeningstaat op 30 September 2018.

	Debiet	**Krediet**

REKONSILIASIES

Vraag 2 (Debiteureversoening en interne kontrole; 25 punte, 15 minute)

Songi Winkels verkoop goedere kontant en op krediet. Hulle kredietterme is 30 dae en daar word verwag dat 80% van debiteure hierdie terme sal nakom.

GEVRA:

2.1 Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrolerekening dieselfde moet wees as die totaal van die Debiteurelys? (1)

2.2 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2018. (5)

2.3 Stel die korrekte Debiteurelys op 31 Mei 2018 op. (12)

2.4 Verwys na Inligting 1 en 2 hieronder en beantwoord die volgende vrae:

2.4.1 Het Songi Winkels goeie beheer oor debiteure? Verduidelik deur na syfers te verwys. (3)

2.4.2 Noem twee maatreëls wat ingestel kan word om debiteure aan te moedig om by die terme te hou. (4)

INLIGTING:

1. Debiteure-ouderdomsanalise vir April 2018:

Totaal	Lopend	30 dae	60 dae	90 dae
R187 500	R33 700	R26 300	R72 600	R54 900

2. Saldo's volgens die Debiteurelys op 31 Mei 2018:

Naam van debiteur	Bedrag verskuldig	Kredietlimiet
R. Nadal	R46 500	R30 000
B. Tsonga	31 800	35 000
L. Nadi	27 000	30 000
K. Stark	63 200	40 000
R. Pedi	8 600	10 000
Totaal	177 100	

3. Die saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2018 is R167 500.

4. Die volgende foute en weglatings moet nog reggestel word:
   (a) Die Debiteurejoernaal is met R4 100 te min opgetel.
   (b) Goedere op krediet verkoop aan R. Pedi is verkeerdelik oorgeboek na die persoonlike rekening van B. Tsonga, R7 600.
   (c) Terugsendings van goedere deur R. Nadal, R1 400 is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek.
   (d) 'n Faktuur uitgereik aan L. Nadi vir R2 300 is nie in die boeke aangeteken nie.
   (e) 'n Tjek vir R8 700, ontvang van R. Pedi ter vereffening van skuld van R9 000 is deur die bank geweier weens onvoldoende fondse. Geen inskrywing is hiervan gemaak nie.
   (f) Goedere op krediet verkoop aan K. Stark, R4 700, is korrek aangeteken in die betrokke hulpjoernaal maar dit is as R7 400 na sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

2.1 Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrolerekening dieselfde moet wees as die totaal van die Debiteurelys?

2.2 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2018.

2.3 Stel die korrekte Debiteurelys op 31 Mei 2018 op.

Naam van debiteur	**Bedrag verskuldig**
R. Nadal	
B. Tsonga	
L. Nadi	
K. Stark	
R. Pedi	
Korrekte totaal	

2.4 Verwys na Inligting 1 en 2 hieronder en beantwoord die volgende vrae:
2.4.1 Het Songi Winkels goeie beheer oor debiteure? Verduidelik deur na syfers te verwys.

2.4.2 Noem twee maatreëls wat ingestel kan word om debiteure aan te moedig om by die terme te hou.

REKONSILIASIES

Vraag 3 (Krediteureversoening; 20 punte, 12 minute)

Jy word voorsien van die rekening van Stormers Winkels in die Krediteuregrootboek van Bulls Handelaars asook die Rekeningstaat van Bulls Handelaars wat van Stormers Winkels ontvang is.

GEVRA:

3.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om maandeliks Krediteureversoeningstate op te stel. (2)

3.2 Stel die foute wat deur Bulls Handelaars gemaak is reg deur aanvullende inskrywings in die persoonlike rekening van Stormers Winkels in die Krediteuregrootboek te toon. (6)

3.3 Stel die Krediteureversoeningstaat van Bulls Handelaars met Stormers Winkels op 31 Mei 2018 op. (12)

INLIGTING:

1. Persoonlike rekening van Stormers Winkels in die Krediteuregrootboek van Bulls Handelaars:

Krediteuregrootboek van Bulls Handelaars						
		Stormers Winkels				**K5**
Datum		**Besonderhede / Dokumentnr.**	**Fol.**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
2018 Mei	1	Rekening gelewer	a/b			8 500
	8	Faktuur 180 (hernommer)	KJ		3 400	11 900
	10	Debietnota 511	KAJ	520		11 380
	18	Tjekteenblad 333	KBJ	6 200		5 180
		Tjekteenblad 333 (Korting ontvang)	KBJ	300		4 880
	25	Faktuur 186 (hernommer)	KJ		4 220	9 100
	28	Faktuur 193 (hernommer)	KJ		1 900	11 000

2. Rekeningstaat van Bulls Handelaars ontvang van Stormers Winkels:

STORMERS WINKELS

Rekeningstaat van: Bulls Handelaars **Datum:** 30 Mei 2018
Eastwoodstr. 100
Brooklyn

Rekeningnr: D12889

Datum		**Transaksie / Dokumentnr.**	**Debiet**	**Krediet**
2018 Mei	1	Saldo verskuldig	8 500	
	8	Kredietverkoopfaktuur 411	4 300	
	10	Kredietnota 161 (terugsendings)		250
	18	Kwitansie 632 (betaling ontvang)		6 200
	25	Kredietverkoopfaktuur 420		4 220
	27	Rente gehef op agterstallige rekening	500	
	30	Saldo verskuldig	**2 630**	

3. Foute deur die **boekhouer van Bulls Handelaars** began in die Krediteuregrootboek:
   - Faktuur 411, gedateer 8 Mei 2018, is verkeerd geboekstaaf. Die korrekte bedrag is R4 300.
   - Faktuur 193 (hernommer), gedateer 28 Mei 2018 was vir aankope van Sharks Bpk. Die bedrag is verkeerdelik na die rekening van Stormers Winkels oorgeboek.

4. Foute **deur Stormers Winkels** gemaak op die rekeningstaat:
   - Kredietnota 161, gedateer 10 Mei 2018, is as R250 geboekstaaf. Die korrekte bedrag is R520.
   - Stormers Winkels het vergeet om die korting op 18 Mei 2018 te boekstaaf.
   - Faktuur 420 is na die verkeerde kant van Bulls Handelaars se rekening oorgeboek.

3.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om maandeliks Krediteureversoeningstate op te stel.

3.2 Stel die foute wat deur Bulls Handelaars gemaak is reg deur aanvullende inskrywings in die persoonlike rekening van Stormers Winkels in die Krediteuregrootboek te toon.

Krediteuregrootboek van Bulls Handelaars

Stormers Winkels **K5**

Datum		Besonderhede / Dokumentnr.	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 Mei	1	Rekening gelewer	a/b			8 500
	8	Faktuur 180 (hernommer)	KJ		3 400	11 900
	10	Debietnota 511	KAJ	520		11 380
	18	Tjekteenblad 333	KBJ	6 200		5 180
		Tjekteenblad 333 (Korting ontvang)	KBJ	300		4 880
	25	Faktuur 186 (hernommer)	KJ		4 220	9 100
	28	Faktuur 193 (hernommer)	KJ		1 900	11 000

3.3 Stel die Krediteureversoeningstaat van Bulls Handelaars met Stormers Winkels op 31 Mei 2018 op.

Krediteureversoeningstaat van Bulls Handelaars met Sormers Winkels op 31 Mei 2018

	Debiet	Krediet

REKONSILIASIES

Vraag 4 (Bankversoening en ontleding; 50 punte, 25 minute)

Die volgende inligting het betrekking op die bankversoeningsproses van Novak Winkels 30 Julie 2018.

GEVRA:

4.1 Gebruik die kolomme om aan te toon hoe elke transaksie in die bankversoeningsproses hanteer sal word. Toon die bedrae wat in die Hulpjoernale of Bankversoeningstaat sal verskyn. Indien geen inskrywing gemaak moet word nie moet ‘n kruisie (X) in die “Geen inskrywing-kolom” gemaak word. (50)

INLIGTING:

1. ‘n Deposito van R6 300 wat op 24 Julie 2018 gemaak is, verskyn in die KOJ maar nie op die bankstaat nie.
2. ‘n Tjek vir R920, uitgereik aan BEELD vir die plaas van ‘n advertensie, is verkeerdelik in die KBJ as R290 getoon. Die korrekte bedrag van die tjek verskyn op die bankstaat.
3. ‘n Tjek vir R9 800 ter vereffening van ‘n rekening van R10 000 is op 27 Julie 2018 van ‘n debiteur ontvang. Die tjek is gedateer vir 8 Augutus 2018. Geen inskrywing is nog gemaak nie.
4. Die bankstaat toon ‘n direkte deposito ten opsigte van huur. Die huurder het die huur vir Julie en Augustus 2018 direk in die bank gedeponeer. Die huurkontrak bepaal dat die huur R216 000 per jaar beloop en elke jaar op 1 Augustus met 12% verhoog.
5. Die bankstaat toon die volgende: tjekboekfooie, R180; kontanthanteringsheffing, R220; rente op debietsaldo, R1 940.
6. Die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2018 toon uitstaande tjek vir R4 300, uitgereik aan Penna Winkels vir Skryfbehoeftes. Die tjek is gedateer vir 21 Januarie 2018. Die tjek verskyn ook nie op Julie 2018 se bankstaat nie. ‘n Nuwe tjek, gedateer vir 21 Augustus 2018 moet op 30 Julie 2018 aan Penna Winkels uitgereik word.
7. ‘n Tjek ontvang van ‘n debiteur is deur die bank teruggestuur gemerk v/t. Die tjek was ter vereffening van ‘n rekening van R8 300 nadat korting van 15% korting toegestaan is.
8. Die bankstaat toon ‘n geweierde tjek vir R54 100 wat op 16 Julie 2018 van B. Habana ontvang is vir ‘n ou voertuig aan hom verkoop. Die tjek is gedateer vir 15 Augustus 2018 en is per abuis deur die kassiere in die bank gedeponeer. B. Habana is gevra om die bedrag op 15 Augustus direk op die onderneming se bankrekening te deponeer. Hy het ingestem om dit te doen.
9. Die volgende tjeks verskyn in die KBJ, maar nie op Julie 2018 se bankstaat nie:
   - Nr. 89 gedateer 28 Januarie 2018 vir R1 650 vir herstelwerk;
   - Nr. 245 gedateer 27 Julie 2018 vir R5 600 uitgereik as vereffening van die rekening van ‘n krediteur van R6 000.
10. Die KOJ vir Julie 2018 toon ‘n deposito ten opsigte van kontantverkope van R7 800. Die korrekte bedrag van die deposito verskyn as R8 700 op die bankstaat. Die koste van verkope is korrek getoon.
11. Die KBJ vir Julie 2018 toon ‘n tjek vir R7 300 aan Outsurance vir die maandelikse versekering van die eienaar se privaatvoertuig. Die bedrag van die tjek verskyn egter verkeerdelik as R3 700 op die bankstaat.
12. Die bankstaat toon ‘n tjek vir R1 400, uitgereik aan Gillmore Winkels. By nadere ondersoek is vasgestel dat die tjek deur Djoko Winkels uitgereik is en nie deur Novak Winkels nie. Die bank sal die fout op die bankstaat van Augustus 2018 regstel.
13. ‘n Deposito van R28 000 wat op die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2018 voorgekom het verskyn op die bankstaat vir Julie 2018.

4.1 Gebruik die kolomme om aan te toon hoe elke transaksie in die bankversoeningsproses hanteer sal word. Toon die bedrae wat in die Hulpjoernale of Bankversoeningstaat sal verskyn. Indien geen inskrywing gemaak moet word nie moet ‘n kruisie (X) in die “Geen inskrywing-kolom” gemaak word.

Nr.	Hulpjoernaal			Bankversoeningstaat		Geen inskrywing
	KOJ	KBJ	Naam van rekening	Debiet	Krediet	
1.						
2.						
3.						
4.						
5.						
6.						
7.						
8.						
9.						
10.						
11.						
12.						
13.						

Berekeninge:

REKONSILIASIES

Vraag 5 (Krediteureversoening; 20 punte, 10 minute)

Die inligting is geneem uit die boeke van Loftus Handelaars. 'n Rekeningstaat is op 31 Mei 2018 van 'n krediteur, Puma Winkels ontvang wat aantoon dat Loftus Handelaars aan hulle R96 203 skuld. Volgens die Krediteuregrootboek van Loftus Handelaars is die verskuldigde bedrag egter R99 220.

GEVRA:

5.1 Dui aan hoe die verskille wat tydens die ondersoek aan die lig gekom het, die Krediteuregrootboekrekening en Rekeningstaat sal raak om sodoende die korrekte saldo te bereken. (20)

INLIGTING:

Tydens 'n ondersoek is die volgende verskille vasgestel:

1. 'n Faktuur van Puma Winkels ontvang is korrek as R18 330 deur Loftus Handelaars in die Krediteuregrootboek geboekstaaf, maar verskyn as R1 833 op die rekeningstaat.
2. 'n Faktuur vir R8 400 ontvang van Puma Winkels is verkeerdelik deur Loftus Handelaars as 'n kredietnota geboekstaaf.
3. Terugsendings van R7 100 in die Krediteuregrootboek van Loftus Handelaars verskyn as R6 390 op die rekeningstaat van Puma Winkels. Loftus Handelaars het vergeet dat hulle 10% handelskorting ontvang het die goedere aangekoop is.
4. 'n Tjek vir R8 800 op 28 Mei 2018 uitgereik deur Loftus Handelaars aan Puma Winkels verskyn nie op die rekeningstaat nie.
5. Die betaling van R9 310 ten opsigte van die vereffening van die rekening vir April 2018 wat in die Krediteuregrootboek verskyn is nie binne 7 dae deur Puma Winkels ontvang nie en dus moet die korting van 5% wat deur Loftus Handelaars in die Krediteuregrootboek in berekening gebring is, gekanselleer word.
6. Puma Winkels het op die rekeningstaat rente van R980 gehef op die agterstallige rekening van Loftus Handelaars.
7. Puma Winkels het 'n faktuur van R6 700 vir goedere verkoop aan Loftus Handelaars verkeerdelik as 'n kredietnota van R7 600 aan die kredietkant van die rekeningstaat getoon.

5.1 Dui aan hoe die verskille wat tydens die ondersoek aan die lig gekom het, die Krediteuregrootboekrekening en Rekeningstaat sal raak om sodoende die korrekte saldo te bereken.		
	Invloed op die: Krediteuregrootboek van Loftus Handelaars	Invloed op die: Rekeningstaat ontvang van Puma Winkels
Saldo's afgebring	R99 220	R96 203
Verskil 1		
Verskil 2		
Verskil 3		
Verskil 4		
Verskil 5		
Verskil 6		
Verskil 7		
Korrekte saldo		

REKONSILIASIES

Vraag 6 (Bankversoening en interne kontrole; 30 punte, 15 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die rekeningkundige rekords van Blossom Winkels.

GEVRA:

6.1. Gee TWEE redes waarom die voorbereiding van ‘n Bankversoeningstaat ‘n belangrike deel van die interne kontroleproses is. (4)

6.2 Watter aansuiwering sal op die syfers in die finansiële state op 28 Februarie 2018 aangebring moet word met betrekking tot die vooruitgedareede tjeks uitgereik? Verwys na die Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2018 om die werklike syfers te toon. (4)

6.3 Ontleed die verskille uit Inligting 2 onder die gegewe opskrifte. Toon die bedrag wat in die hulpjoernaal of Bankversoeningstaat sal verskyn. Toon geen inskrywing met ‘n “X”. (9)

6.4 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2018, op. (8)

6.5 Die interne ouditeur ontdek gedurende Augustus 2018 dat die uitstaande deposito van R25 000 op 3 Maart 2018 as R2 500 op die bankstaat vir Augustus 2018 verskyn. Die bedrag op die bankstaat is korrek. Behoort die interne ouditeur bekommerd te wees oor die fout? Verduidelik hoekom jy so sê. Gee een gepaste kontrolemaatreël om ‘n soortgelyke voorval in die toekoms te voorkom. (5)

INLIGTING:

1. Bankversoeningstaat van Blossom Winkels op 28 Februarie 2018:

Ongunstige saldo volgens bankstaat	16 200
Uitstaande deposito (26 Februarie 2018)	21 380
Uitstaande tjeks: Nr. 186 (gedateer 24 September 2017)	3 500
Nr. 245 (gedateer 15 April 2018)	6 400
Nr. 288 (gedateer 10 Maart 2018)	4 600
Ongunstige saldo volgens bankrekening	9 320

2. ‘n Vergelyking van die Bankstaat vir Maart 2018 en die Kontantjoernale vir Maart 2018 het die volgende verskille aan die lig gebring:

2.1 Die bankstaat toon ‘n gunstige saldo van R24 300 op 31 Maart 2018.

2.2 ‘n Deposito van R21 380 verskyn op die bankstaat op 3 Maart 2018, maar nie in die Kontantontvangstejoernaal vir Maart 2018 nie.

2.3 ‘n Deposito van R25 000 verskyn op 15 Maart 2018 in die Kontantontvangstejoernaal, maar dit verskyn nie op die bankstaat vir Maart 2018 nie.

2.4 ‘n Elektroniese oorplasing van R12 600 ten opsigte van huur ontvang verskyn slegs op die bankstaat vir Maart 2018.

2.5 Bankkoste van R2 300 verskyn slegs op die bankstaat vir Maart 2018.

2.6 Die bankstaat toon ‘n geweierde tjek wat ontvang van ‘n debiteur ter vereffening van ‘n rekening van R8 400 nadat korting van 5% toegestaan is.

2.7 Tjeknr. 186, uitgereik as ‘n donasie aan die DBV is vervang met tjeknr. 310 op 25 Maart 2018. Die donasie is vermeerder met R500 en die tjek is op 1 April 2018 gepos. Geen inskrywings is nog gemaak nie.

2.8 Tjeknr. 288, gedateer 10 Maart 2018, verskyn op die bankstaat, maar nie in die kontantjoernale vir Maart 2018 nie.

2.9 Tjeknr. 307 vir R1 750, gedateer 29 Maart 2018, verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal, maar nie op die bankstaat vir Maart 2018 nie.

6.1 Gee TWEE redes waarom ‘n Bankversoeningstaat ‘n belangrike deel van die interne kontroleproses is.

6.2 Watter aansuiwering sal op die syfers in die finansiële state op 28 Februarie 2018 aangebring moet word met betrekking tot die vooruitgedareede tjeks uitgereik? Verwys na die Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2018 om die werklike syfers te toon.

6.3 Ontleed die verskille uit Inligting 2 onder die gegewe opskrifte. Toon die bedrag wat in die hulpjoernaal of Bankversoeningstaat sal verskyn. Toon geen inskrywing met ‘n “X”.

Verskil	Hulpjoernaal		Bankversoeningstaat		Geen inskrywing
	KOJ	KBJ	Debiet	Krediet	
2.1					
2.2					
2.3					
2.4					
2.5					
2.6					
2.7					
2.8					
2.9					

6.4 Stel die Bankversoeningstaat van Blossom Winkels op 31 Maart 2018, op.

	Debiet	Krediet

6.5 Die interne ouditeur ontdek gedurende Augustus 2018 dat die uitstaande deposito van R25 000 op 3 Maart 2018 as R2 500 op die bankstaat vir Augustus 2018 verskyn. Die bedrag op die bankstaat is korrek.

Behoort die interne ouditeur bekommerd te wees oor die fout? Verduidelik hoekom jy so sê.

Gee een gepaste kontrolemaatreël om ‘n soortgelyke voorval in die toekoms te voorkom.